Luk 12:8-9

Maak seker jou naam word genoem voor die engele, deur God se naam te noem voor die mens. En dan verwag jy, kyk jy hoe die engele aan die werk is in en om jou lewe. Dan verwag jy 'n engel om jou vas te hou in 'n ongeluk, 'n ander om jou kind te bewaar as hy in 'n onbewaakte oomblik oor die straat stap. Dan hoor jy die antwoorde rondom al jou moeilike besluite – omdat jy sensitief is, die engele as boodskappers verwag. En dan loof en prys jy die Here ook hiervoor – sodat Hy weer Sy engele aangaande jou opdrag gee.

**Afsluiting**

Die volwasse Christen is die een wie se lewe bestuur word deur die onsienlike realiteit van 'n geestelike wêreld, geanker in sy geloof in Jesus Christus - nie deur sy 5 sintuie nie. Ons moet leer om verder te kyk, soos Kol 3:1 en 2 se: "As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. "

Ons leef op aarde met 'n geestelike perspektief

My hoop vir u en my is dat die geestes wêreld vir ons deur hierdie Bybelstudie 'n werklikheid sal word al meer en meer. Dat u en ek om ons sal kyk en God se engele sal verwag. Dat hulle so 'n realiteit vir ons sal wees soos ons hier sit, sodat ons ook sal kan se "Voorwaar – die Here was op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie......."



# Engele



**Lees Efes 6**

Wat in die geesteswêreld gebeur - beïnvloed tot 'n groot mate wat ons in die fisiese wêreld beleef.

Kan u aan enkele voorbeelde dink?:

Hoe beter ons dus 'n begrip kan he van hierdie geesteswêreld om ons – hoe beter kan ons oorlog voer teen die satan wat ons lewens wil vernietig.Pet 5:8

Wat leer die Bybel ons oor hierdie wêreld? Oor engele? Bestaan hulle? Wat is hulle werk? Is daar iets soos beskerm engele? Het ek engele tot my beskikking? Hoe bring ek hulle krag in beweging, en is dit moontlik?

Engele en hulle werk – het 'n veel groter rol te speel – as wat ons dikwels besef – kom ons soek na antwoorde in die enigste Bron van waarheid – die Bybel.

**Wat leer ons omtrent engele uit die Bybel?**

**1. Engele is geskape wesens**

1. T.w.v wie is engele geskep? Kol 1:16

Engele - hoewel kragtig en 'n werklikheid – is net die instrument in God se Hand, en mag daarom nie insigself vereer word nie. Kol 2:16-19

**2. Engele is geskep om te dien en te eer.**

1. Lees Heb 1:14
2. Hulle dien, is daar gestel twv u en my as worstelende kinders vd Here.
3. Hulle baklei in hierdie realm om ons, wat ons nie kan sien nie om ons siele, dag vir dag. Hulle is geeste – en dis hoekom ons teks gese het: ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die magte, die owerhede ... die bose geste in die lug.

En tog kan ons uit die Bybel aflei, dat God hulle ook kan manifesteer in die sienlike vir 'n bepaalde tyd om 'n bepaalde definitiewe boodskap te bring: bv Gen 18 en 19. Lees Gen 19:1-4. Heb 13:2

**3. Engele is redelike wesens**

Lees 1 Pet 1:12. Wat se dit vir u van engele?
(Petrus se dat hulle hul intellek gebruik om te verstaan ....")
Lees Luk 15:10. wat se dit vir u van engele?
(Het emosie as redelike wese, hulle veg saam met die gelowiges)

**4. Engele is meervoudig**

Dan 7:10, Heb 12:22
Engele lei ons af in Mark 12:25 trou nie en kry nie klein engeltjies nie. Hulle gaan ook nie dood nie – God het miljoene der miljoene geskep. Hier om ons, by ons. Kan u dink hoe groot is die oorlog waarvan Efes 6 praat? 'n Oorlog waarvan ons nie uitgesluit is bloot omdat ons hulle nie kan sien nie?



1 Kor. 11 gaan oor hoe die kerk moet aanbid. Ek glo Paulus wil se: Vir die engele om te doen wat hulle veronderstel is om te doen, ook in 'n gemeente – onthou hulle is t.w.v God in diens van die mens geskep – moet die mense twv wie hulle dit doen – doen wat hulle veronderstel is om te doen. U kan die deel mooi gaan lees. Dit gaan ten diepste oor opstand teen outoriteit soos God dit ingestel het. Die man en vrou is gelyk as wesens voor God geskep, maar anders in funksionaliteit. Die man staan onder gesag van God, die vrou onder gesag van die man.

**14. Om God se Hand in beweging te bring**

Jer. 6:2 beskryf 'n seraf: "Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg..."
Het u opgelet dat 4 vlerke daar is om te aanbid en 2 vir werk? Ons is so geneig om goed te wil doen vir die Here – terwyl God eerder belang stel in wie ons is.

In ons aanbidding, in ons lofprysing. Dit is eers wanneer ons hier begin dat ons sal kan werk. Dit is die beginsel wat ons leer by die engele om God se krag in beweging te bring. Loof, prys en aanbid God en jy het, as ek dit met respek so kan stel – God se aandag.

Bid: Om God se Hand in beweging te bring:
Dwarsdeur die hele Bybel is gebed en die aktiwiteit van engele nou verweef. Dink aan Daniel.
Dink aan Abram wat vir Lot intree.
As jy die engele in beweging wil sien – bid.
As Petrus in Hand 12 in die tronk sit en al die lidmate in die gemeente ernstig bid – stuur God 'n engel om hom op bowe natuurlike manier te bevry.
Luk 22:41-43

1. Judas vers 9:

2. Maar kyk nou ook: Migael, hoewel ‘n aartsengel – was baie versigtig in die manier hoe hy met die satan handel. Hy weet die satan het hoer outoriteit as hy. Migael het nog nooit vergeet wie hy was nie – en die posisie wat hy gedra het nie. Hy gee egter nie i oor Moses se liggaam oor wie daar ‘n geveg was nie – maar dan roep hy die outoriteit van God self in.
(Mat 6:8-10 Hoofman oor Kapernaum)

As jy nie langs ’n weg van outoriteit jou lewe leef nie, moenie na God gryp as jy nie self uit die moeilikheid kan kom nie. Dis wat baie gelowiges ongelukkig doen. Hulle wil nie God se outoriteit oor hulle lewens en hulle wandel en wee aanvaar nie – maar hulle eis dit elke keer wanneer hulle in die moeilikheid is.

Dit is die misbruik van hierdie lyn.

**Dan 10:6-13**
Hier is ‘n oorlog aan die gang. Partymaal word dalk ook nie u gebed dadelik geantwoord nie – omdat daar oorlog in die lug is tussen God se engele en die bose geeste - sodat, soos vir Daniel, hulle verhinder dat u God se Stem duidelik hoor, om so Sy plan te volvoer met u lewe.
Wat leer ons verder hier? Nie om dan maar in sak en as te gaan sit nie – maar om te weet, Efes 6 leer ons, hier is ‘n oorlog, en dit gaan om ons siele – dan hou ek aan bid, tot ek die antwoord het. Die antwoord van God self as ek dit van God self gevra het.
Let mooi op vers 13b (outoriteit)

**Outoriteit vervolg**
1 Kor 11:3vv : “Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus...”
10: “Daarom moet die vrou 'n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele...”



**5. Engele is Heilige Wesens**
Die feit dat die engele dienende geeste is beteken nie dat hulle minderwaardig is nie. Jesus was Dienskneg by uitnemendheid – en Hy was God.
Lees Dan 10:5-7, Hand 12:7
Die satan wil hê ons moet dinge net op fisiese vlak sien.

**6. Engele is funksionele wesens**
1. Open 4:8: Hulle moet God loof en eer en dit is skynbaar sommige se uitsluitlike doel.
2. Ps. 103:20: Hulle is besig om God se wil uit te voer.
Heb 1:14. Mat 18:10. Hulle werk saam met God se kinders. Beskerm engele?

**7. Engele het mag bo natuurkragte**
Open 7:1

**8. Engele as Boodskappers**
Hand 7:53, Gal 3:19.Heb 2:2 2 Pet 1:19-21
Hulle verskyn aan Sagaria, Maria en die skaapwagters en ten minste lees ons in die Bybel 3x aan Josef om ‘n boodskap te bring.
As jy jou Bybel oopslaan – moenie dit lees net as ‘n boek nie – God wil Sy Woord aan jou openbaar – as jy jou Bybel oopslaan, lees dit met verwagting. Verwag dat die Here iets vir jou wil, gaan se – rondom jou Bybel, as maar net 1 plek – is God se Boodskappers wat Sy absolute waarheid aan jou wil verkondig.

**9. Engele as Beskermers**
1. 2 Kon 6:8-23 Lees ten minste 16,17 Ons moet kan leer om te bid: Here, leer my om verder te sien as net die krisis en my vyande voorhande. Help my om te weet hier is perde en waens en vuur rondom my.

1. Dink aan Hand 12 toe Petrus deur ‘n engel uit die tronk gelei is – maar dit was die 2de maal. Van die 1ste lees ons in Hand 5:17vv. Hand 5:19; “Maar 'n engel van die Here het in die nag die deure van die gevangenis oopgemaak en hulle uitgelei...”

Dink aan Luk 16, die verhaal van Lasarus en die ryk man. In vers 22 staan: “En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham...” Die engele neem hom en vat hom tot in die hemel.

**10. Engele as Voorsieners**

Ps. 78 “Mense het die brood van die engele geëet; Hy het hulle volop padkos gestuur....” (25)

Bo natuurlik het God Sy kinders van kos voorsien. Hulle was Boodskappers van God se voorsieningheid.

U was al in ‘n moeilike situasie – ‘n moeilike oesjaar en u het gebid – en daar was uitkoms. Nee, dit het nie net maar toevallig gebeur nie – heel moontlik was dit God se Boodskappers van Voorsienigheid wat gesorg het. Engele is vandag nog net so ‘n reëele deel van ons lewens as gister.

1 Konings 19: 5-8

Wat ook al u situasie. Hier om u is God se engele en hulle in opdrag van God, wil voorsien. In hierdie oomblik, maak nie saak wat u behoefte ook al is nie – kyk, want miskien is God in die oomblik besig om sy engele aangaande u opdrag te gee.

**11. Boodskappers van God se oordeel**

1. Openb. 15. Die engele sal met die voleinding vd wêreld kom om God se grimmigheid op die aarde uit te stort.

1. Ons lees ook van hulle rol hierin in Mat 13: “... die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande....”



3. U almal ken die verhaal vd 10 plae oor Egipte – in Ps.78 kan u lees dat dit veroorsaak is deur God se engele.

**12. Engele is daar om ons te lei**

Soms kan hulle ons aandag trek deur dit of dat. Deur ‘n deel wat jy in die Bybel lees of iets wat by jou nesskop. Ons moet kan leer om sensitief te wees vir God se stem en leiding deur Sy engele.

So was dit met Cornelius in Hand 10, Phillipus in Hand 8.
God het ‘n pad wat Hy met u lewe wil stap. Satan se werk is om jou van daardie pad weg te hou, van balans te kry, te ontspoor.
Kom ons vra die Here om ons sensitief te maak vir Sy leiding.

**13. Engele beweeg altyd met en langs Goddelike wee van outoriteit.**

1 Kor 14:33, (Jak 4:7 – let op die 1ste deel: onderwerp)
Daar is nie maar net ‘n klompie beskerm engeltjies wat hier rondvlieg en ons uit die moeilikheid hou nie – hier is ‘n bloedige oorlog in die gang om ons – om ons siele.

Dit is georganiseerd, presies, met lyne van outoriteit.
Georganiseerd met verskillende engele vir verskillende take.

Die satan, lees ons, was die hoof van al die engele. Heerser oor hulle, net onder God, met besondere kwaliteite geskape vir hierdie werk.
Ons lees van Michael, die aartsengel. Judas, vers 9.
Van Gabriel, die hoof vd Boodskapper engele.
Ons lees van gerubs wat die tuin van Eden bewaak het.
Van serafs wat God loof en prys. Jes. 6.